



We develop the South African Agriculture Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

13 Julie 2020

Aandag: Agri SA lede

Geagte lede

IS: ONLANGSE VLAK 3 GEWYSIGDE REGULASIES GEPUBLISEER DEUR DIE DEPARTEMENT VAN SAMEWERKENDE REGERING EN TRADISIONELE SAKE

President, Cyril Ramaphosa het gisteraand die land toegesprek rakende die toename in die verspreiding van COVID-19-virus wat 'n ernstige druk op ons gesondheidstelsel plaas. Op aanbeveling van die "National Coronavirus Command Council" het die kabinet besluit dat die land op waarskuwingsvlak 3 sal bly, maar dat die bestaande regulasies versterk moet word en dat sekere bykomende maatreëls getref moet word.

Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake op 12 Julie 2020 sekere gewysigde regulasies in Staatskoerant No. 43521 gepubliseer. U mag die volgende wysigings opmerk:

1. Alle persone moet 'n masker dra wanneer hulle 'n openbare ruimte binnekom, noodsaaklike dienste verrig of wanneer hulle openbare vervoer gebruik.
2. Wanneer 'n persoon oefen, moet 'n afstand van 3 meter gehandhaaf word;
3. Elke werkgewer moet sy werknemer van 'n lapmasker voorsien (of toepaslike gesigbedekking), en toesien dat die werknemer 'n masker dra wanneer hy/sy werksaamhede verrig;
4. Elke persoon word van 21H00 tot 04H00 daagliks tot sy of haar woonplek beperk, behalwe waar 'n persoon 'n permit, wat ooreenstem met Vorm 2 van Aanhangel A, toegestaan is om 'n diens te verrig wat kragtens waarskuwingsvlak 3 toegelaat word, vir 'n veiligheids- of mediese noodgeval;
5. Veilings kan voortgesit word mits streng gesondheids- en veiligheidsprotokolle gevolg word;

www.agrisa.co.za

Tel | +27 12 643 3400 **Fax** | +27 12 663 3178 **Email** | agrisa@agrisa.co.za

Physical Address | Inkwazi Building | Block A | 1249 Embankment Road | Zwartkop X7 | Pretoria | South Africa

Postal Address | Private Bag X180 | Centurion | 0046 | South Africa

6. Bus- en pendeldienste mag werk op voorwaarde dat alle insittendes 'n masker (of toepaslike gesigbedekking) tydens die reis moet dra. Vir binne-provinsiale en toegelate interprovinsiale reis mag openbare vervoer nie meer as 70% van die gelisensieerde kapasiteit oorskry nie en vir reise minder as 200 km 100% van die gelisensieerde kapasiteit.
7. Die verkoop, reseptering en verspreiding van drank is verbode, behalwe vir:
 - a. alkohol benodig vir nywerhede wat hand-sanitiseerders, ontsmettingsmiddels, seep of alkohol vir industriële gebruik en huishoudelike skoonmaakprodukte vervaardig;
 - b. vir uitvoerdoeleindes; of
 - c. van vervaardigingsaanlegte tot opbergingsfasiliteite.
8. Die verkoop van tabak, tabakprodukte, e-sigarette en verwante produkte is verbode, behalwe vir uitvoer en die verkoop van tabak van boere aan plaaslike verwerkers of plaaslike vervaardigers of van verwerkers na vervaardigers.

By die uitvoering van 'n noodsaaklike / toegelate diens sal 'n persoon 'n permit benodig wat ooreenstem met Vorm 2 van Aanhangsel A van die regulasies rakende waarskuwingsvlak 4. 'n Nuwe permit word in die regulasies van 12 Julie 2020 gepubliseer wat die vorige permit vervang. 'n Nuwe permit is aangeheg aan hierdie brief. Let daarop dat daar slegs kosmetiese veranderinge aan die vorige permit is en dat dit nie wesenlike veranderinge is nie.

Vriendelike groete

Andrea Campher

Ramprisikobestuurder

andrea@agrisa.co.za

<https://www.gov.za/coronavirus/guidelines>